**UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG**

**DEPARTEMENT REKENINGKUNDE**

**OUDIT 300/BCTA – 2014**

**FINALE ASSESSERINGSGELEENTHEID**

**NOVEMBER 2014**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **EERSTE EKSAMINATORE**: | MEV. I NEL<br>MEV. D MARE | **TYD:** | 225 MINUTE |
| **TWEEDE EKSAMINATOR**: | PROF. B MARX | **PUNTE:** | 150 |

**MODERATOR**: MEV. J CLAASSENS

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWAALF** bladsye. As u toets nie al die bladsye bevat nie moet u, u hand opsteek sodat 'n nuwe toets aan u uitgedeel kan word. Beantwoord al die vrae.
2. Beantwoord elke vraag op 'n **aparte folio**. Verwys asb na die vraestel vir die korrekte kleur.
3. Bereken die tyd wat u aan elke vraag moet spandeer deur die aantal punte vir elke vraag met **1,5** te vemenigvuldig om die aantal minute daarvoor te bereken. Hou by die tydsbeperkings sodat u die vraestel in die gegewe tyd kan voltooi.
4. Skrap **alle** (selfs enkel oop reëls) oop spasies op u antwoordstel met 'n pen. Bladsye op u antwoordstel wat oop spasies bevat, sal as sulks aangedui word en nie vir 'n hermerk in aanmerking kom nie.
6. Geen tippex of potlood mag op u antwoordstel gebruik word nie. Bladsye op u antwoordstel wat tippex of potlood bevat sal as sulks aangedui word en nie vir 'n hermerk in aanmerking geneem word nie.
7. Al die eksamenregulasies van UJ en die stipulasies in die beleidsdokument vir studente van die Departement van Rekeningkunde sal gedurende die assessering van toepassing wees.
8. Hou hierdie vraestel vir rekord doeleindes.
9. Die netheid, openbaarmaking en aanbieding van u antwoorde sal in aanmerking geneem word by die bepunting van u antwoordstel.
10. Lees die vrae versigtig. As u verduidelikings moet gee moet u nie feite noem nie, maar verduidelikings in volsinne.

**VRAAG 1** **(70 PUNTE)**

U is die eksterne ouditeur van die Two Cousins Wine Estate Bpk (hierna TCWE), 'n groot wynplaas en disteleerdery in die Franschoek distrik in die Wes-Kaap. TCWE is op die Johannesburgse Effektebeurs, onder die gebruiksgoedere-indeks, genoteer. U is al die afgelope 3 jaar by die oudit betrokke en is redelik bekend met die kliënt se besigheidsmodel en die industrie waarin dit handeldryf.

TCWE het nog altyd goed presteer en kliëntevraag nagekom, maar het gedurende die huidige finansiële jaar gesukkel om aan kliënte se behoeftes en begeertes te voldoen.

Ongelukkig het die terugkeer van die resessie ook nie die maatskappy se situasie gehelp nie. Dit het 'n beduidende impak op die vervaardiging en verspreiding van TCWE se wyne gehad. Om fondse beskikbaar te stel om te verseker dat die bedrywighede nie ineenstort nie, is 30 fabriekswerkers in die verbottelingsafdeling afgelê en vyf verkoopskonsultante is vir ses maande op onbetaalde verlof geplaas. Die hoof uitvoerende direkteur het die volgende vir hulle gesê: "wanneer dinge meer stabiel is, mag julle terugkeer en julle posisies hervat". Deel van die finansiële spanning wat deur die maatskappy ervaar is, is as gevolg van die kliënte (soos groothandelaars en restaurante) wie nie in staat is om hulle uitstaande skuld te vereffen nie.

Hierdie het tot groot verdeeldheid in die maatskappy gelei en tot gevolg gehad dat die direkteure 'n noodvergadering met bestuur gereël het. Die hoof item op die agenda vir hierdie vergadering is 'n bespreking van die finansiële spanning wat huidiglik deur TCWE ervaar word. Die erns van hierdie spanning het slegs tot die direksie se aandag gekom toe die hoof finansiële beampte genoem het dat daar twee hangende regsgedinge teen TCWE is. Een regsgeding is deur die regering geopper as gevolg van die feit dat TCWE vir die afgelope 12 maande nie die belasting verskuldig aan SARS betaal het nie en die tweede is deur hulle groot verskaffer van kurk in China, wie "moeg is om te wag vir betaling", geopper. Teen die tyd van hierdie vergadering was die R/$ wisselkoers nie ten gunste van TCWE nie en die reserwebank was besig om die moontlike toename in die rentekoers te bespreek.

Die maatskappy sekretaris het voorgestel dat die kwessies hierbo genoem later die maand behoorlik by die risikokomiteevergadering bespreek en genotuleer word en het u as eksterne ouditeure gevra om hierdie spesifieke risikokomiteevergadering by te woon.

Verder het u ook die vastebate-balans as beduidend geïdentifiseer om geoudit te word en werk tot op datum gedokumenteer is op WP 100 beskikbaar.

Daar is ook gedurende die jaar sommige veranderinge aan die vooraadvasleggingstelsel gemaak en u het hierdie veranderinge en die prosesse gevolg ondersoek, as deel van die beplanning van u ouditbenadering van voorraad.

U het die werk uitgevoer in die volgende werkspapiere gedokumenteer:

| Werkspapier-verwysing | Werkspapierbeskrywing | Bladsy |
|---|---|---|
| WP 100 | Stawingsprosedures op die vastebate-balans | 3 |
| WP 200 | Beskrywing van die stelselomskakeling gedurende die jaar op die voorraadmodule uitgevoer | 4 |

| **Kliënt:** Two Cousins Wine Estate Bpk | **Verslagdoeningsperiode:** 30 Junie 2014 | **WP 100** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** D Mare | **Datum:** 10 Oktober 2014 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | |
| **Stawingsprosedures op die Vastebate-balans** | | |

| Beskrywing | Nota | R'000 |
|---|---|---|
| Openingsbalans 1 Julie 2013 | Nota 1 | 10 200 |
| Plus: Aakope<br>Slegs een aankoop is gemaak en dit was die aankoop van 'n distileer pot. Hierdie pot is in Italië vervaardig en ingevoer. Die bedrag sluit die invoerbelasting, asook die vervoerkoste na TCWE, in. | Nota 2 | 5 600 |
| Minus: Verkope | Nota 3 | (1 400) |
| Minus: Waardevermindering | Nota 4 | (550) |
| Minus: Waardedaling | Nota 4 | (230) |
| Sluitingsbalans 30 Junie 2014 | Nota 5 | **13 620** |

**Nota 1:** Stem ooreen met die vorige jaar werkspapiere en die finansiële state.

**Nota 2:** Direksienotule en kapitaalbegroting is geïnspekteer vir die toepaslike magtiging en die korrekte aankoopprys van R 5 600 000.

**Nota 3:** Direksienotules is geïnspekteer vir die toepaslike magtiging vir die magtiging van die verkoop van bates.

**Nota 4:** Navraag by bestuur met betrekking tot die basis van die berekening van waardevermindering- en waardedalingsbedrae. Alle berekening blyk redelik te wees.

**Nota 5:** Herbereken die wiskundige akkuraatheid van die skedule. Geen uitsonderings is opgemerk nie.

<u>Algemene stawingsprosedures alreeds uitgevoer:</u>

1. Stem die openingsbalanse ooreen met die vorige jaar se sluitingsbalanse en verseker die balanse is korrek oorgedra.
2. Stem die inligting per die skedule met die vastebateregister ooreen.
3. Stem die totale van die skedule met die algemene grootboek, proefbalans en finansiële state ooreen.
4. Voer analitiese prosedures op die beweging en balanse van die vastebate-rekening uit.
5. Verkry `n bestuursbevestigingsbrief om die toevoegings, verkope en berekeninge wat verbandhou met die vastebate-balans te bevestig.
6. Oorweeg die gebruik van 'n kundige om met die oudit van die vastebate-balans by te staan. Dit was nie geag as nodig nie aangesien ons die vereiste kundigheid en hulpbronne tot ons beskikking het.

| **Kliënt:** Two Cousins Wine Estate Bpk | **Verslagdoeningsperiode:** 30 Junie 2014 | **WP 200** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** D Mare | **Datum:** 15 Oktober 2014 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | |

BESKRYWING VAN DIE VOORRAADBESTUURSTELSEL:

TCWE se hoofkantoor en sentrale pakhuis is in Franschoek geleë, met verskeie kleinhandelwinkels regoor Suid-Afrika. Die voorraad vereistes van die kleinhandelwinkels word voorsien deur die oordrag van die wyn in kaste van 12 bottels elk vanaf die maatskappy se sentrale pakhuis.

Aan die begin van die huidige verslagdoeningsperiode het TWCE hulle voorraadstelsel opgradeer na 'n volle gerekenariseerde voorraadstelsel, om sodoende die effektiewe bestuur van voorraad oordragte tussen die sentrale pakhuis en kleinhandelwinkels te verbeter. Die nuwe stelsel is vanaf 'n betroubare verskaffer aangekoop wat die voorraadbestuurstelsels al vir 'n aantal jare verkoop. Die stelsel is deeglik in die huidige jaar deur TCWE getoets en alle werknemers is opgelei om die stelsel te gebruik. Sedert die implementering van die stelsel is geen probleme ervaar nie.

Elke handelswinkel se bestuuder sleutel weekliks die voorraadversoeke op die voorraadbestuurstelsel in, deur gebruik te maak van sy/haar rekenaar wat aan die maatskappy se wye area netwerk (WAN) gekoppel is.

Alle voorraaddata word outomaties uit die voorraadmeesterleêr onttrek tydens die invoering van die produkkode. Die hoeveelhede aangevra deur die winkelbestuurder is gebaseer op die verskil tussen die huidige voorraad in die winkel en die winkelbestuurder se verwagte verkope vir die volgende week.

By TCWE se hoofkantoor moet die voorraadbestuurder die voorraadversoeke nasien voordat prosessering kan plaasvind. Sodra toegang tot die "magtiging van oordragte" module verkry is, word alle hangende versoeke vir oordragte vertoon. Indien die versoek verwerp word of die hoeveelheid verander, word 'n rede voorsien deur die voorraadbestuurder deur die "rede blokkie" in te vul.

Personeel betrokke by die prosessering van die voorraadoordragte is:

- Die pakhuispersoneel wat die voorraad voorberei vir die oordragversoeke;
- Die koeriers van die TCWE hoofkantoor wat die voorraad by die pakhuis se versendingsarea afhaal vir aflewering aan die winkels;
- Die versendingstoesighouer, wat verantwoordelik is vir die voorraad totdat dit deur die TCWE hoofkantoor koeriers afgehaal word; en
- Die bedryfsbestuurder, wat die effektiwiteit en doeltreffendheid van die stelsel monitor.

Alle bewegings in voorraad word deur 'n skanderingstelsel beheer; dit vereis die inset van die unieke strepieskode van elke kas van 12 wynbottels, asook die strepieskode op die personeelkaart van die werknemer wat verantwoordlikheid vir die voorraaditems neem. Voorraad word uit die pakhuis onttrek en na die versendingsarea gestuur vir aflewering, waarvandaan die goedere dan aan die winkels afgelewer word deur die TCWE koeriers.

Goeie kontroles is geïmplemeteer om die integriteit van die oordrag van boodskappe oor die wye area netwerk (WAN) te verseker.

## VRAAG 1

**BEANTWOORD OP 'N APARTE ANTWOORDBOEK**

| VAN U WORD VERLANG OM: | | PUNTE |
|---|---|---|
| (a) | Met verwysing na werkspapier WP 100, beskryf die verdere stawingsprosedures wat die ouditklerk moet uitvoer om gerustelling te verkry dat die vastebate-balans 'n redelike voorstelling in die finansiële state vir die 30 Junie 2014 verslagdoeningsperiode is. | (20) |
| (b) | Met verwysing na WP 200, beskryf die toepassingskontroles wat in die voorraadbestuurstelsel in plek behoort te wees. U antwoord moet die volgende funksionele areas binne die stelsel aanspreek.<br><br>(i) Inisiëring van voorraadversoeke (7)<br>(ii) Magtiging van oordragte (4)<br>(iii) Onttrekking en Versending van voorraad (5)<br>(iv) Toesighoudende kontroles (2)<br>(v) Meesterlêer veranderinge (10)<br><br><u>NOTA</u>: Die volgende kontroles moet by u antwoord uitgesluit word:<br>• Kontroles wat met uitvoorraad situasies handel<br>• Kontroles oor die oordrag van data oor die wye area netwerk | (28) |
| (c) | Identifiseer die besigheidsrisiko's vanuit die senario wat by die opkomende risikovergadering aangespreek moet word. Stel 'n voorgestelde risiko matriks aan die risikokomitee saam wat die volgende areas insluit. | (20) |

| Tipe Besigheidsrisiko | Risikobeskrywing | Voorbeeld van die risiko wat pertinent is vir TCWE |
|---|---|---|
| **<u>Voorbeeld:</u>**<br><br>Regulerende Risiko | Daar is 'n risiko van nie-voldoening aan die JSE Noteringsvereistes. | TCWE is op die JSE genoteer en het daarom 'n aantal regulerende vereistes om aan te voldoen. |

| | |
|---|---|
| **Kommunikasievaardighede** – Duidelikheid van uitdrukking<br>**Kommunikasievaardighede** – Struktuur en uitleg | (1)<br>(1) |
| **TOTALE PUNTE: VRAAG 1** | **(70)** |

**VRAAG 2** **(75 PUNTE)**

**DEEL A** **(62 PUNTE)**

U is die ouditbestuurder op die oudit van Global Travel Bpk (hierna GTL). ‘n Goed gevestigde maatskappy in die vermaaklikheidsindustrie met ‘n 30 September verslagdoeningsperiode. U ouditfirma is as die eksterne ouditeure van GTL vir die 2014 verslagdoeningsperiode aangestel.

**Maatskappy Agtergrond**

GTL is in 1992 gestig en het 10 takke in Suid-Afrika wat spesialisproduk- en bestemmingkennis bied. By GTL hou hulle daarvan om die verskil te verkoop, deur op persoonlike diens, uitstekende advies en uitstekende waarde te fokus. Hulle glo dat hulle kennis en persoonlike ondervinding in die vermaaklikheidsbedryf waarde sal toevoeg tot die kliënt se eie ondervindings.

Addisioneel tot die kundigheid in die verkope van plaaslike-, streeks- en internasionalevliegtuigkaartjies, het GTL ook sterk vennootskappe met sleutel voorkeur verskaffers, wêreldwyd, asook die vermoë en kundigheid om pasgemaakte wegbreekpakette, gebaseer op die kliënt se voorkeur en begroting, saam te stel. Van hotel akkommodasie en oordpakette, tot bustoere, ski en bootvaarte, bied GTL meer as ‘n reiskonsulteringsdiens. Buitelandse valuta, reisversekering en visumdienste word ook verskaf.

U ouditspan het die volgende werkspapiere vir die 2014 verslagdoeningsperiode saamgestel. Hierdie werkspapiere moet deur u as ouditbestuurder nagesien word:

| **Werkspapier-verwysing** | **Werkspapierbeskrywing** | **Bladsy** |
|---|---|---|
| BB 1200 | Statutêre Bekommernisse | 7-8 |
| DD 1300 | Aankope & Betalingsiklus | 9 |
| ZZ 1500 | Na-oudit nasieningskwessies | 10 |

| **Kliënt:** Global Travel Bpk | **Verslagdoeningsperiode:** 30 September 2014 | **BB 1200/1** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** R Nel | **Datum:** 10 Oktober 2014 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | |
| **Statutêre Bekommernisse** | | |

Die volgende inligting is oor die aandelekapitaal van GTL soos op 1 Oktober 2013 verkry (die besluite hieronder vir die 2014 verslagdoeningsperiode is nie in ag geneem nie):

| | |
|---|---|
| Gemagtigde Aandelekapitaal | 250 000 aandele |
| Uitgereikte Aandelekapitaal | 230 000 aandele |
| Aandelekapitaalrekeningbalans | R 460 000 |

Die raad van direkteure van GTL bestaan uit:

| |
|---|
| Mnr D Davids |
| Mnr L Mabaso |
| Mev H Naidoo |
| Mev S Muller |

Die volgende e-pos is vanaf GTL se maatskappysekretaris verkry:

*Van: CompanySecretary@gtl.co.za*

*Gestuur: Maandag, 6 Oktober 2014, 10:30 VM*

*Aan: AuditSenior@professionalaudit.com*

*Onderwerp: Besluite vir die 2014 verslagdoeningsperiode*

*Geagte Ouditsenior*

*Hieronder is 'n opsomming van die besluite wat gedurende die 2014 verslagdoeningsperiode geneem is, soos versoek:*

***Besluit 1:***

*Die kantoorkompleks van GTL (wat 60% van GTL se totale bates verteenwoordig) sal aan SA Properties (Edms) Bpk vir R 10 miljoen verkoop word en 'n wins van R 1.4 miljoen op die verkoop realiseer. Hierdie gebou sal teruggehuur word vanaf SA Properties (Edms) Bpk teen markverwantehuurkoerse. Inspeksie van die akte van oprigting van SA Properties (Edms) Bpk het onthul dat drie aandeelhouers van die maatskappy (Mnr D Davids, Mev Kruger and Mej Singh) elkeen 33⅓ van die aandele besit.*

| **Kliënt:** Global Travel Bpk | **Verslagdoeningsperiode:** 30 September 2014 | **BB 1200/2** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** R Nel | **Datum:** 10 Oktober 2014 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | |
| **Statutêre Bekommernisse** | | |

***Besluit 2:***

*Rekenaartoerusting gaan vanaf Electronic Suppliers (Edms) Bpk vir R 1 500 000 aangekoop word. Die aankoopprys sal vereffen word deur 'n lening van R 1 375 000 vanaf die maatskappy se bankiere, terwyl 50 000 aandele teen hulle billike markwaarde van R2.50 uitgereik word om die balans van die aankoopprys te vereffen.*

***Besluit 3:***

*Mev S Muller is versoek om as direkteur te bedank. Sy het gewyer en is deur die ander direkteure afgedank. Sy sal 'n bedrag van R 250 000 betaal word om op te maak vir die verlies van haar amp.*

*Kontak my asseblief indien u verdere bystand benodig.*

*Vriendelike groete*

*Maatskappysekretaris GTL*

| **Kliënt:** Global Travel Bpk | **Verslagdoeningsperiode:** 30 September 2014 | **DD 1300/1** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** R Nel | **Datum:** 15 Oktober 2014 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | |
| **Aankope & Betalingsiklus** | | |

As deel van die 2014 oudit, het die span ‘n begrip van die rekekundige- en internekontrolestelsel van GTL verkry om die kontrolerisiko te assesseer. Die ouditspan het daarom die volgende stelselbeskrywing van die aankope en betalingsiklus van GTL verkry:

**BESTELLING VAN GOEDERE**

- Begrotings en ‘n lys van goedgekeurde verskaffers word vir alle maatskappybenodighede voorberei.
- Hierdie begrotings word deur die finansiële bestuurder goedgekeur en daarna na die aankoopsbestuurder by die hoofkantoor gestuur.
- Die aankoopsbestuurder kontak gereeld die verskaffers om die items in terme van die begroting te bestel.
- Die aankoopsbestuurder hou boek, in `n plakboek van alle bestellings wat geplaas is.
- Indien ‘n tak uit voorraad raak, kontak die takbestuurder die aankoopsbestuurder en meld die tekort aan.
- Die aankoopsbestuurder kontak dan al die verskaffers, totdat hy ‘n verskaffer vind wat die goedere op dieselfde dag kan aflewer en op hierdie manier word besigheid nie onderbreek nie.

**ONTVANGS VAN GOEDERE**

- Die takbestuurder is gemagtig om die goedere te ontvang en die verskaffer se afleweringsnota te teken as bewys van aflewering.
- Voordat die afleweringsnota geteken word, kontroleer die takbestuurder die kwantiteit en kwaliteit van die goedere en stem die besonderhede daarvan met die verskaffer se afleweringsnota ooreen.
- Beskadigde, gebreekte of ander onvoldoende goedere word nie aanvaar of voor geteken nie.
- Die getekende afleweringsnota’s word daarna na die hoofkantoor se krediteureklerk aangestuur.

**TEBOEKSTELLING VAN AANKOPE EN KREDITEURE**

- Die krediteureklerk liaseer al die afleweringsnota’s alfabeties volgens verskaffernaam.
- Wanneer die faktuur vanaf die verskaffer ontvang word, stem die krediteureklerk die hoeveelhede per die afleweringsnota met dít op die faktuur ooreen en teken die faktuur as bewys van hierdie toets.
- Alle fakture word na die hoofkantoor se rekenkundige gestuur, wie allokeringskodes op elke faktuur teboekstel.

- Die krediteureklerk teken die faktuur in die aankope joernaal aan en liaseer die fakture alfabeties volgens verskaffernaam.
- Aan die einde van die maand som die krediteureklerk die krediteurejoernaal op en stel die transaksies in die krediteuregrootboek teboek.
- Wanneer die verskafferstaat ontvang word, liaseer die krediteureklerk die staat.
- Die kontroles oor die uitreiking en berging van ongebruikte skryfbehoeftes is voldoende.

| **Kliënt:** Global Travel Bpk | **Verslagdoeningsperiode:** 30 September 2014 | **ZZ 1500** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** R Nel | **Datum:** 29 Oktober 2014 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | |
| **Na-oudit Nasieningkwessies** | | |

Vir u na-oudit nasieningsvergadering vir die 2014 verslagdoeningsperiode is die volgende besprekingspunte by die agenda ingesluit:

Agenda vir die na-oudit nasieningsvergadering vir die 2014 oudit van GTL gehou op 29 Oktober 2014 by die professionele oudit kantore om 10:00.

**Voorstel 1: Ouditfooie vir die 2014 oudit**

Die ouditfooi vir die 2014 verslagdoeningsperiode is ongeveer R 350 000, maar is nog nie deur GTL betaal nie. Om ‘n deel van die rekening (R150 000) te vereffen, het die maatskappy aangebied om aan u firma vyf alles insluitende pakkette na Mauritius te gee. Die koste van ‘n enkel toerpakket aan ‘n lid van die publiek is ongeveer R25 000. Indien u firma hiertoe instem, sal GTL ‘n verdere twee toerpakette verniet insluit, slegs as hierdie twee pakette aan die ouditbestuurder en senior-in-beheer, wie die oudit van GTL uitgevoer het, gegee word.

**Voorstel 2: Winsgewende Onderneming (‘Venture’)**

Die verkoopsbestuurder van GTL het u ouditfirma genader met ‘n voorlegging om hulle verkope te probeer verhoog. Hierdie voorlegging behels dat ons ouditfirma die volgende inligting van alle ouditkliënte aan GTL verskaf:

- Personeellede en kontaknommers
- Moontlike aanduiding van inkomste per personeellid

Hierdie inligting sal deur GTL gebruik word om persone te kontak met die oog daarop om reispakette aan kliënte, wat binne hulle inkomstegroep val, te verkoop. Vir elke verkoop van ‘n reispakket op hierdie manier, ontvang ons firma ‘n betaling gelykstaande aan 10% van die reispakket se verkoopprys. Die vooruitskattings deur GTL verskaf het aangedui dat hierdie ‘n winsgewende onderneming (‘venture’) vir u firma sal wees.

**DEEL B** **(11 PUNTE)**

U is ‘n ouditbestuurder in die tegniese-afdeling van die ouditfirma, Expert Auditors Geïnk. U spesialiseer in tegniese advies aan kliënte rakende korporatiewebeheerstrukture.

U het die volgende inligting van Telecom Communications Bpk (hierna TCL), ‘n maatsakppy wat in die telekommunikasie-industrie bedryf word, ontvang. Die maatskappy is sedert inkorporasie ‘n paar jaar gelede baie suksesvol en beoog om binnekort op die JEB (JSE) te noteer.

Die volgende inligting van TCL is ontvang:

**Raad van Direkteure:**

| | |
|---|---|
| Mnr Mohammed | Nie-uitvoerende Voorsitter |
| Mnr Sibeko | Hoof Uitvoerende Beampte |
| Mnr Cloete | Finansiële Direkteur |
| Mnr Webber | Hoof Bedryfsbeampte |
| Mev Sibeko | Nie-uitvoerende Direkteur – vrou van Mnr Sibeko |
| Mnr Malan | Besturende Direkteur van TCL se Britse filiaal |

**Direksieverwante Kwessies:**

- Mnr Mohammed is ook ‘n direkteur van twee JSE-genoteerde maatskapye en het ‘n aantal belange buite die besigheid.
- Direksievergaderings word twee keer per jaar gehou.
- Die verantwoordelikheid van die maak van strategiese bedryfs- en finansieringsbesluite is aan ‘n direksiekomitee gedelegeer. Hierdie komitee vergader een keer per maand. Die komitee bestaan uit:
    - Mnr Sibeko
    - Mnr Cloete
    - Mnr Webber

**Vergoedingskomitee:**

- Die lede van die vergoedingskomitee bestaan uit:
    - Mnr Mohammed
    - Mnr Sibeko
    - Mnr Cloete
    - Mev Sibeko
- Mnr Sibeko is die voorsitter van die komitee

## VRAAG 2

| BEANTWOORD OP 'N APARTE ANTWOORDBOEK | | |
|---|---|---|
| **DEEL A** | | |
| **VAN U WORD VERLANG OM:** | | **PUNTE** |
| (a) | Met verwysing na werkspapier BB 1200, bespreek die magtiging en voorwaardes waaraan voldoen moes word, sodat elk van die besluite, wettiglik, in terme van die Maatskappywet, uitgevoer kan word. (Daar word nie van u verlang om die volledige vereistes van 'n direteurs- en aandeelhouersbesluit en vergaderings te bespreek nie). | (27) |
| (b) | Met verwysing na werkspapier DD 1300, identifiseer die swakhede in die aankope en betalingsiklus en maak aanbevelings vir elke swakheid geïdentifiseer.<br>Berei u antwoord in tabelformaat onder die volgende opskrifte voor:<br>• Bestelling van goedere<br>• Ontvangs van goedere<br>• Teboekstelling van aankope en krediteure<br><br>Nota: Moenie uself bekommer oor die kontroles oor die voorbereiding van begrotings nie. | (26) |
| (c) | Met verwysing na werkspapier ZZ 1500, bespreek Global Travel Bpk se voorstelle in terme van die SAIGR se Professionelegedragskode. | (9) |
| **DEEL B** | | |
| **VAN U WORD VERLANG OM:** | | **PUNTE** |
| (a) | Bespreek of Telecom Communications Bpk in staat sal wees om 'n stelling in sy jaarverslag in te sluit wat aandui dat daar ten volle aan die King Kode van Korporatiewebeheer vir Suid-Afrika (King III) voldoen word; alleenlik gebaseer op die inligting verskaf. | (11) |
| **Kommunikasievaardighede** – Duidelikheid van uitdrukking<br>**Kommunikasievaardighede** – Struktuur en uitleg | | (1)<br>(1) |
| **TOTALE PUNTE: VRAAG 2** | | **(75)** |
| **Interpretasie & Noukeurigheidspunte** | | **(5)** |
| **TOTALE PUNTE VIR ASSESSERING** | | **(150)** |